Rio Tinto

Desember 2009
www.riotinto.com

Hoe ons werk

Ons wêreldwye sakegedragskode

Rio Tinto

Rio Tinto is 'n wêreldleier in die opsporing, ontginning en verwerking van die Aarde se mineralehulpbronne. Die Groep kombineer Rio Tinto plc, 'n openbare maatskappy wat op die Londense en New Yorkse effektebeurse genoteer is, en Rio Tinto Beperk, wat op die Australiese Sekuriteitebeurs genoteer is. Ons streef daarna om 'n naatlose organisasie te bedryf wat die voordele van standaard, gedeelde benaderings vir elke aktiwiteit optimaliseer.

Die Groep se doelwit is om totale aandeelhoueropbrengs te maksimaliseer deur natuurlike hulpbronne volhoubaar op te spoor, te ontwikkel, te ontgin en te verwerk. Ons strategie is om – afhangende van elke geleentheid se meriete en nie soseer die tipe grondstof nie – in groot, langtermyn, kostemededingende myne en ondernemings te belê en dit te bedryf.

Ons belangrike produkte sluit aluminium, koper, diamante, steenkool, uraan, goud, industriële minerale (borate, titaandioksied, sout, poeier) en ystererts in. Ons aktiwiteite dek die hele wêreld, maar is gekonsentreer in Australië en Noord-Amerika, met aansienlike ondernemings in Suid-Amerika, Asië, Europa en Suider-Afrika.

Waar Rio Tinto ook al sake doen, is ons sleutelprioriteite ons werknemers se gesondheid en veiligheid, 'n bydrae tot volhoubare ontwikkeling en sakegedrag wat spreek van integriteit. Ons werk nou saam met gasheerlande en -gemeenskappe, respekteer hul wette en gebruike, en verseker hulle van 'n billike aandeel in die voordele en geleenthede.

Beste Kollega

Hoe ons werk

Rio Tinto se reputasie vir verantwoordelike optrede speel 'n kritieke rol in ons onderneming se sukses en ons vermoë om aandeelhouerwaarde te skep.

Ons reputasie spruit uit ons vier kernwaardes, wat die wese omskryf van wie ons is en wie ons sal wees: Verantwoordbaarheid, Respek, Spanwerk en Integriteit.

Hierdie waardes vind uiting in die beginsels en gedragstandaarde wat in *Hoe ons werk* uiteengesit word. Dit bepaal die manier waarop ons ons bedrywighede se ekonomiese, sosiale en omgewingsuitdagings bestuur, en speel 'n belangrike rol in die nakoming van ons verbintenis om by te dra tot volhoubare ontwikkeling.

Praatjies vul geen gaatjies nie. Ons elkeen se gedrag gaan bepaal hoe goed ons presteer en hoe die wêreld Rio Tinto sien. *Hoe ons werk* is ons gewete. Ons gedrag sal lei tot sukses waarin ons almal met trots kan deel – en sukses waarvan almal kennis neem.

Deur in ooreenstemming met ons waardes te werk, sal ons help om langtermyn sakesukses te koester deur die bevordering van doeltreffender verhoudings en die stimulering van groter bydraes tot ons plaaslike gemeenskappe.

Wy asseblief tyd daaraan om *Hoe ons werk* te lees en te verstaan, en gebruik dit voortdurend as verwysing in u werk.

Jan du Plessis
Voorsitter

Tom Albanese
Hoof- uitvoerende beampte

Desember 2009

Inhoud

Aangaande *Hoe ons werk* **5**
Korporatiewe verantwoordelikheid en volhoubare ontwikkeling 5
Hoe om *Hoe ons werk* te gebruik 6

Toepassing van *Hoe ons werk* **7**
Vir wie geld dit? 7
Ons verantwoordelikheid 7
Inwerkingstelling en nakoming 8
Rig van vrae en rapportering van oortredings 9
Speak-OUT 10

Die werkplek **11**
Veiligheid 11
Gesondheid 11
Indiensneming 12
Dwelm- en alkoholaantasting 13
Sekuriteit en sakeveerkrag 13

Menseregte, gemeenskappe en omgewing **14**
Menseregte 14
Gemeenskappe en inheemse volke 14
Toegang tot grond 15
Omgewing 16

Sake-integriteit **18**
Botsende belange 18
Mededinging-/Antitrustkwessies 19
Omkopery en korrupsie 19
Geskenke en onthalery 20
Billike sakepraktyke 21
Internasionale sake 21
Binnekringhandel 22

Groepbates- en inligtingbestuur **23**
Interne kontroles en Groeprekords 23
Gebruik van Groepeiendom deur werknemers 23
Gebruik van elektroniese hulpbronne deur werknemers 24
Vertroulike inligting 25
Intellektuele eiendom 25
Dataprivaatheid 26

Regering-, media- en beleggersbetrekkinge **27**
Regeringsbetrekkinge 27
Politieke betrokkenheid 27
Kommunikasie met media en beleggers 28
Deursigtigheid 28

Bylaag
Gesteunde internasionale konvensies
en vrywillige verbintenisse **29**

Aangaande *Hoe ons werk*

Korporatiewe verantwoordelikheid en volhoubare ontwikkeling

***Hoe ons werk* is ons wêreldwye sake-gedragskode. Dit bevat gedragsbeginsels en -standaarde wat ons verbintenis tot korporatiewe verantwoordelikheid onderstreep.**

Meer as 'n dekade het verloop sedert die eerste uitgawe van *Hoe ons werk* in 1997 vrygestel is. Verwagtings en regulasies oor korporatiewe verantwoordelikheid verander, en ons eie onderneming groei. *Hoe ons werk* is gevolglik in 2003 hersien.

Hierdie derde uitgawe weerspieël ons voortgesette sterk verbintenis daartoe om ons onderneming met integriteit te bedryf. Dit vra van ons om te voldoen aan nougesette standaarde van korporatiewe bestuursgedrag en om by te dra tot volhoubare ontwikkeling. Trouens, ons fokus op volhoubare ontwikkeling – op ekonomiese voorspoed, maatskaplike welstand, rentmeesterskap van die omgewing en streng toesig- en integriteitstelsels – verskaf die raamwerk waarbinne ons onderneming sake doen en vorm 'n deurlopende tema in hierdie dokument. Om ons verbintenis tot volhoubare ontwikkeling na te kom, moet ons oorwegings vir volhoubare ontwikkeling 'n integrale deel van ons sakeplanne maak.

Hoe ons werk staan nie in isolasie nie. Die gedragstandaarde wat daarin verskyn, is geïnspireer deur Rio Tinto se vier kernwaardes: Verantwoordbaarheid, Respek, Spanwerk en Integriteit. Dit dek ook sleutelelemente van die vrywillige verbintenisse wat ons gemaak het.

Baie van die inhoud van *Hoe ons werk* is verkry uit, en word gesteun deur, Rio Tinto se uitgebreide raamwerk van beleid en standaarde. *Hoe ons werk* bevat egter nie genoeg detail om elke aspek van alle Groepbeleid en -standaarde te verduidelik nie. Dit dek ook nie spesifieke groep- of sake-eenheidbeleid en -prosedure wat bykomende vereistes stel ten opsigte van ons gedrag nie. Ons moet dus ag gee op ons verantwoordelikheid om vertroud te wees met *Hoe ons werk* sowel as alle aanvullende Rio Tinto-beleidstukke en -standaarde wat betrekking het op ons spesifieke werksarea.

Alle Groepbeleid en -standaarde is beskikbaar op die intranet of deur Menslike Hulpbronnepersoneel by die werkplek om 'n hardekopie-afskrif te vra. Relevante steunbeleidstukke en -standaarde vir verwysing is volgens titel en via lewendige webskakels beskikbaar vir mense wat 'n elektroniese weergawe van hierdie dokument lees.

Baie konsepte in *Hoe ons werk* is onderling verbind. Ons het probeer om onderwerpe slegs een keer te dek – en om opleiding, vrae en antwoorde, en aanvullende verwysings te gebruik om die doel en verwagting ten opsigte van elke onderwerpgebied te help verduidelik.

Die Rio Tinto-direksie het *Hoe ons werk* ná interne en eksterne konsultasie aanvaar. Rio Tinto sal voortgaan om kwessies aan te spreek namate dit opduik om te verseker dat *Hoe ons werk* in die toekoms relevant bly.

Aanvullende verwysings

Volhoubare ontwikkelingsbeleid
("Sustainable development policy")

***Hoe ons werk* staan nie in isolasie nie**

Hoe om *Hoe ons werk* te gebruik

- Besef dat *Hoe ons werk* op 'n groter groep mense as bloot Groepwerknemers van toepassing is (sien die afdeling "Vir wie geld dit?");
- Verstaan u verantwoordelikhede wat in die afdeling "Ons verantwoordelikheid" gelys word;
- Raak vertroud met die onderskeie onderwerpe wat gedek word in *Hoe ons werk* en hoe dit betrekking het op u spesifieke werksarea; en
- Raak bewus van die beskikbare opsies in die afdeling "Rig van vrae en rapportering van oortredings" sodat u voorbereid is indien u 'n vraag het om te vra of 'n oortreding van *Hoe ons werk* wil rapporteer.

Toepassing van *Hoe ons werk*

Vir wie geld dit?

***Hoe ons werk* geld vir Rio Tinto se direkteure, beamptes en werknemers, sy filiaalmaatskappye en verwante maatskappye waaroor dit beheer uitoefen.**

Daar word eweneens deur gepaste kontraktuele reëlings en verkrygingsbeleid van Rio Tinto se konsultante, agente, kontrakteurs en verskaffers verwag om in al hul omgang met of namens die Groep te voldoen aan *Hoe ons werk*. Ons moet hulle verwys na die weergawe van *Hoe ons werk* op Rio Tinto se webwerf by **www.riotinto.com** of, as daar nie internettoegang is nie, vir hulle 'n hardekopie-afskrif daarvan gee om te verseker dat hulle bewus is van die inhoud.

Rio Tinto glo dat die beginsels in *Hoe ons werk* universeel is. In ons omgang met gesamentlike ondernemingsvennote en maatskappye waaraan ons deel het, maar wat nie deur ons beheer word nie, sal ons dus alles in die stryd werp om te verseker dat die gedragstandaarde in *Hoe ons werk* te alle tye gerespekteer word.

Die term "maatskappy", "Groep", "Rio Tinto", of "Rio Tinto-groep" in die hele *Hoe ons werk* verwys na Rio Tinto plc en Rio Tinto Beperk en enige filiaalmaatskappye, verwante maatskappye of ander regsentiteite waarin Rio Tinto plc en/of Rio Tinto Beperk 'n beherende aandeel het.

Aanvullende verwysings

Leierskap by Rio Tinto (leierskapvaardighede ("Leading at Rio Tinto (leadership competencies)")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Ons verantwoordelikheid

Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om met integriteit te werk wanneer ons namens Rio Tinto optree.

Daar word van alle Rio Tinto-personeel verwag om, in elke land waar ons werk, die wet, *Hoe ons werk* en Rio Tinto-beleidstukke en -standaarde na te kom. Onkunde oor die wet is nie 'n aanvaarbare rede vir nakomingsversuim nie, dus moet ons vertroud wees met die relevante wette wat verband hou met ons werk.

Daar is verskeie vrae wat ons onsself moet vra wanneer ons voor 'n sakebesluit te staan kom:

- Is dit wettig?
- Strook my optrede met *Hoe ons werk* en verwante Rio Tinto-beleidstukke en -standaarde?
- Sal daar enige direkte of indirekte negatiewe gevolge vir Rio Tinto wees?
- Wat sal my familie, vriende of bure van my optrede dink?
- Sal ek verkies om dit geheim te hou?
- Wil ek hê dat 'n koerant op die voorblad verslag doen oor my optrede?

Indien enige van hierdie vrae u ongemaklik laat voel, is die beste reaksie om dit nie te doen nie. Indien u onseker is wat om te doen, moet u die betrokke afdeling van *Hoe ons werk* raadpleeg, met u bestuurder praat of, indien u dit verkies, in verbinding tree met enige van die ander kontakpunte wat in hierdie dokument aangedui word.

Indien u twyfel of u *Hoe ons werk* of die wette van u plaaslike jurisdiksie moet toepas, gebruik die strengste een van die twee of kontak Rio Tinto Nakoming vir leiding.

Indien u bewus raak van gedrag wat strydig is met die wet, met *Hoe ons werk* of met Rio Tinto-beleid en -standaarde, is dit u verantwoordelikheid (onderhewig aan plaaslike wette) om dit te rapporteer met behulp van een van die rapporteringsmeganismes wat in die afdeling "Rig van vrae en rapportering van oortredings" uiteengesit word.

Oortreding van die wet, *Hoe ons werk* of Rio Tinto-beleid en -standaarde kan dissiplinêre optrede, wat ontslag insluit, tot gevolg hê. Daarby kan enige konsultant, agent, kontrakteur of verskaffer wat versuim om *Hoe ons werk* na te kom, se kontrak beëindig of nie hernu word nie.

Mense in bestuursposte het veral 'n verantwoordelikheid om met integriteit, deur hul voorbeeld, te lei. Hulle moet poog om te verseker dat werknemers en kontrakteurs onder hul toesig bewus is van *Hoe ons werk* en dit nakom.

Aanvullende verwysings

Leierskap by Rio Tinto (leierskapvaardighede) ("Leading at Rio Tinto (leadership competencies)")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Inwerkingstelling en nakoming

Ons het 'n uitgebreide stel standaarde en bestuurstelsels wat daarop gemik is om te verseker dat *Hoe ons werk* behoorlik in werking gestel en nagekom word.

'n Doeltreffende gedragskode soos *Hoe ons werk* is meer as net 'n hardekopie- of elektroniese dokument. Dit moet lewenskragtig wees deur aan alle werknemers bekend te wees en in hul optrede gestalte te kry.

Die hoofelement van ons nakomingsprogram is die Rio Tinto-*nakomingstandaard*. Dit verskaf 'n raamwerk vir ons nakoming van die wet, *Hoe ons werk* en ons beleid, standaarde en vrywillige verbintenisse. Ons nakomingsraamwerk vereis:

- Korporatiewe verbintenis en verantwoordbaarheid;
- Identifisering van nakomingsverpligtinge en -risiko's;
- Bestuur van daardie risiko's;
- Pro-aktiewe voorkoming (bv. opleiding- en bedryfsprosedures);
- Ondersoeke en opvolgwerk;
- Monitering en hersiening, en
- Rapportering en rekordhouding.

Aanvullende verwysings

Nakomingstandaard ("Compliance standard")
Risikobeleid en -standaard ("Risk policy and standard")
HSEQ-bestuurstelselstandaard ("HSEQ management system standard")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Toepassing van *Hoe ons werk* vervolg

Rig van vrae en rapportering van ootredings

Daar is 'n verskeidenheid opsies beskikbaar vir werknemers wat vrae het om te vra of wat oortredings van die wet, *Hoe ons werk* of verwante beleid en standaarde wil rapporteer.

U kan:

- Praat met u bestuurder of toesighouer – dit is gewoonlik die beste persoon om eerste te kontak;
- Formele interne prosesse soos Billike Behandelingstelsels of Formele Griewebehandelingsprosedures gebruik;
- Praat met Menslike Hulpbronpersoneel by u werkplek;
- Onder gepaste omstandighede, kontak
  - 'n maatskappyprokureur;
  - Korporatiewe Versekeringspersoneel;
  - Rio Tinto Nakoming; of
- Gebruik die *Speak-OUT*-stelsel (sien oorkant vir besonderhede).

Alle inligting wat deur bogenoemde rapporteringskanale verkry word, sal opgevolg word. Geen stappe sal teen iemand gedoen word wat 'n vermoedelike oortreding van die wet of Rio Tinto-beleid rapporteer nie.

Daarby het ons 'n aanlyn- Vraag-en-Antwoord-dokument geskep met die doel om voorbeelde van potensiële situasies in die werklike lewe wat verband hou met *Hoe ons werk* te skets, en om antwoorde te verskaf oor hoe om dit te hanteer.

Skakel na Vrae en Antwoorde

Lewendige webskakels sal mense met 'n elektroniese weergawe van hierdie dokument neem na die vrae en antwoorde wat betrekking het op die onderskeie kwessies en beleidsareas wat deurgaans in hierdie dokument aangespreek word.

Speak-OUT

Rio Tinto-werknemers het toegang tot *Speak-OUT*, 'n gratis telefoonlyn om ernstige kwessies en onvanpaste gedrag onder die senior bestuur se aandag te bring. Werknemers kan met iemand praat, ongeag of dit oor bedrog, diskriminasie, teistering, geweld, regs-, beleids- of regulatoriese oortredings of omgewingskwessies handel.

Speak-OUT is 24 uur per dag, 365 dae per jaar beskikbaar, en bied steun in verskeie tale. Die oproepe word deur opgeleide onderhoudvoerders beantwoord. Niemand wat hierdie diens gebruik, hoef hul name te verstrek nie. Die onderhoudvoerders rapporteer dan die oproep aan die senior bestuur, die saak word ondersoek en gepaste stappe word gedoen. Opsommings van die oproepe word elke maand aan die hoofbestuursbeampte en die wêreldwye hoof van Nakoming gestuur.

Ons sal geen vorm van vergelding teen werknemers wat *Speak-OUT* in goeder trou benut, duld nie.

Party lande plaas beperkings op maatskappy-snelnommers; in daardie lande sal *Speak-OUT* volgens die plaaslike vereistes bestuur word.

Inligting oor *Speak-OUT*, insluitende plaaslike kontaktelefoonnommers, is beskikbaar by elke werkplek.

Skakel na Vrae en Antwoorde

Die werkplek

Veiligheid

Ons is verbind tot 'n insidentvrye, beseringvrye werkplek. Ons doel is geen skade.

Elkeen se gedrag dra by tot 'n insident- en beseringvrye werkplek; volledige en konsekwente inwerkingstelling van Rio Tinto se veiligheidstandaarde, -stelsels en -prosedures word oral waar ons werk, vereis.

Rio Tinto bou 'n volhoubare veiligheids-kultuur wat sigbare, toegewyde leierskap, 'n hoë vlak van deelname deur werknemers en kontrakteurs, en die ontwikkeling van 'n leergierige, aktief besorgde werkplek vereis. Ons Gesondheid-, Veiligheid- en Omgewings-risikoraamwerk (HSE) vereis dat ons fokus op gevaaridentifisering, risiko-ontleding en risikobestuur, insluitend die identifisering van gebeure met 'n lae waarskynlikheid wat groot gevolge inhou indien dit gebeur.

Aanvullende verwysings

Veiligheidsbeleid ("Safety policy")
HSEQ-bestuurstelselstandaard ("HSEQ management system standard")
Alle korporatiewe veiligheidstandaarde ("All corporate safety standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Gesondheid

Ons is verbind daartoe om gesondheid en welstand te beskerm.

Rio Tinto besef dat ons sukses afhang van gesonde, produktiewe werknemers; ons is verbind tot die voorkoming van nuwe gevalle van beroepsiekte. Ons doelwit is om nuwe gevalle op 'n jaar-tot-jaar-grondslag aansienlik te verminder deur die identifisering, evaluering en beheer van werkplekblootstelling en die inwerkingstelling van gesondheid- en welstandprogramme.

Ons het 'n stel kerngesondheidstandaarde wat ons belangrikste gesondheidskwessies aanspreek, wat in werking gestel word deur onderwys, opleiding, stelsels en prosedures.

Ons volg 'n strategiese benadering tot die bestuur van die HIV/VIGS-risiko, en is ook aktief besig om gemeenskapsgesondheidsprogramme te vestig in die gebiede waar ons werksaam is.

Aanvullende verwysings

Gesondheidsbeleid ("Health policy")
Volhoubare ontwikkelingsbeleid ("Sustainable development policy")
HSEQ-bestuurstelselstandaard ("HSEQ management system standard")
Alle korporatiewe gesondheidstandaarde ("All corporate health standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Indiensneming

Ons respekteer werknemers se regte en waardigheid by al ons en ons sakevennote se bedrywighede.

Respek is uiters belangrik in 'n harmonieuse werkplek waar werknemers se regte gehandhaaf word en waar hul waardigheid vry van intimidasie, diskriminasie of enige soort dwang erken word.

Daarom:

- verbied ons diskriminasie op grond van ras, geslag, nasionale herkoms, geloof, ouderdom, seksuele oriëntasie, politiek of op grond van enige persoonlike eienskap wat deur die wet beskerm word; tog behou die Groep die reg voor om uitsonderings te maak ten gunste van plaaslike indiensneming waar plaaslike wetgewing dit vereis;
- stel ons diversiteit hoog op prys, en verwelkom ons werknemers uit 'n wye verskeidenheid kulture en rasse, en behandel ons albei geslagte as gelyk;
- verbied ons die gebruik van onvanpaste taal in die werkplek, insluitend godslastering, vloektaal, vulgariteit of verbale teistering;
- laat ons nie dwang of intimidasie in die werkplek toe nie;
- staan ons die gebruik van dwang- of kinderarbeid teë en verbied ons dit;
- erken ons die reg van alle werknemers om te besluit om aan 'n unie te behoort al dan nie, en om te poog om gesamentlik te beding;
- stel ons billike, deursigtige vergoedingstelsels in werking, en
- onderneem ons om indiensnemings-vaardighede en -vermoëns te verbeter deur gereelde prestasiebeoordeling en die aanbieding van onderwys, opleiding en vaardigheidsoordrag, waar van toepassing.

Seksuele teistering of teistering in die werkplek word nie by Rio Tinto geduld nie. Seksuele teistering sluit ongevraagde seksuele toenadering, seksgrappe, subtiele of openlike druk vir seksuele gunste, skimpe vir seks en aanstootlike voorstelle in. Teistering in die werkplek sluit dreigemente, intimidasie, afknouery en die onderwerping van individue aan spottery of uitsluiting in.

Aanvullende verwysings

Menseregtebeleid en -riglyne ("Human rights policy and guidance")
Volhoubare ontwikkelingsbeleid ("Sustainable development policy")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Die werkplek vervolg

Dwelm- en alkoholaantasting

Ons moet nie onwettige dwelms in ons besit hê of gebruik, of onder die invloed van alkohol en dwelms wees terwyl ons aan Rio Tinto-sake of by Rio Tinto-persele werk nie.

Ons moet die beste besluite neem ter wille van ons werknemers se veiligheid, welstand en produktiwiteit. Ons moet ook teenwoordig van gees wees om mee te ding in vandag se sake-omgewing. Daarom moet ons oordeel te alle tye helder wees, vry van dwelms of alkohol se invloed.

Aanvullende verwysings

Gesondheidstandaard – Geskiktheid vir werk ("Health standard – Fitness for work")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Sekuriteit en sakeveerkrag

Ons is verbind tot die beskerming van ons werknemers, bates en reputasie, en om te verseker dat ons aktiwiteite veerkragtig bly wanneer krisisse, werkplekrampe of enige ander gebeurlikheid wat ons sakekontinuïteit kan bedreig, toeslaan.

Goeie sekuriteit en veerkrag in 'n krisis stel Rio Tinto in staat om doeltreffend te handel deur te verseker dat ons ons vermoë behou om waarde te skep.

Aanvullende verwysings

Notas oor Wêreldwye Sekuriteitstandaarde en riglyne ("Global Security standards and guidance notes")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Menseregte, gemeenskappe en omgewing

Menseregte

Ons ondersteun en respekteer menseregte wat ooreenstem met die Universele Menseregteverklaring en streef aktief daarna om te verseker dat ons nie medepligtig is aan ander se menseregtevergrype nie.

Ons beskik oor duidelike prosedures om die menseregte-aspek van ons bedrywighede te bestuur. Ons staan goeie verhoudings voor en vermy burgerlike konflik waar ons ook al is. Rio Tinto respekteer en steun die waardigheid, welstand en regte van Groepwerknemers, hul gesinne en die gemeenskappe waarin ons sake doen.

As daardie regte bedreig word, poog ons om internasionale standaarde te handhaaf en vermy ons situasies wat vertolk kan word as verdraagsaamheid teenoor menseregtevergrype.

Aanvullende verwysings

Menseregtebeleid en -riglyne ("Human rights policy and guidance")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Gemeenskappe en inheemse volke

Ons onderneem om blywende verhoudings met ons bure aan te knoop wat spreek van wedersydse respek, aktiewe vennootskap en langtermyn verbintenis.

Ons gemeenskapsbetrekkinge-werk word geïntegreer met ons projek- en bedryfs-beplanning waar ons ook al bedrywig is. Ons doen ons bes om ons bure se verskillende kulture, lewenstyle, voorkeure, erfenisse en opvattings te akkommodeer.

Ons respekteer die diversiteit van inheemse volke, erken die unieke en belangrike belang wat hulle het by die grondgebied, water en omgewing, asook hul geskiedenis, kultuur en tradisionele gebruike.

Ons moedig konstruktiewe samewerking op internasionale, nasionale, streek- en plaaslike vlak aan. Ons werk hard om te verseker dat gemeenskappe geraadpleeg word in 'n formaat en taal wat hulle kan verstaan voor ons nuwe bedrywighede in werking stel, terwyl ons bestaande bedrywighede voortsit en wanneer ons dit sluit aan die einde van hul produktiewe lewensduur. Ons wil hê plaaslike gemeenskappe moet aktief deelneem aan die ekonomiese aktiwiteit wat spruit uit ons bedrywighede, en ons steun streek- en gemeenskapsgebaseerde projekte wat bydra tot volhoubare ontwikkeling sonder om afhanklikheid te ontwikkel.

Aanvullende verwysings

Gemeenskapsbeleid en -standaarde ("Communities policy and standards")
Volhoubare ontwikkelingsbeleid ("Sustainable development policy")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Menseregte, gemeenskappe en omgewing vervolg

Toegang tot grond

Ons streef daarna om die breedste moontlike steun vir ons voorstelle te werf vir die duur van ons bedrywighede.

Ons kry toegang tot grond en gebruik dit, rehabiliteer onvermydelike uitwerkings en werk in samehang met plaaslike gemeenskappe en inheemse volke om op die doeltreffendste moontlike manier in hul behoeftes te voldoen. Dit sluit deurlopende konsultasie met plaaslike en inheemse inwoners, openbare owerhede en ander partye wat geraak word in.

Ons aanvaar dat die reaksie wat ons kry partykeer mag veroorsaak dat ons nie grond eksploreer of werksaamhede begin nie, selfs al is ons wetlik daarop geregtig.

Ons is deeglik met die voorafbepaling van ons bedrywighede se uitwerking, veral in gebiede met groot bewaring- of erfenisbelang. Ons werk graag saam met ander om die uitwerking te monitor en te versag. Wanneer werksaamhede gestaak word, herstel ons die grond wat ons versteur het in ooreenstemming met die voorste omgewingspraktyk en plaaslike gebruike, asook relevante wette en regulasies.

Grondeise kan gegrond wees op tradisionele besit en op wetgewing. Plaaslike en nasionale grondbenuttingsbeleid kan verskil.

Ons doelwit is om gapings tussen wetlike en tradisionele reëlings deur begrip van die betrokke kwessies te oorbrug. Waar eiendom direk geraak word, sal die gevolge gemeet word en gepaste vergoeding onderling onderhandel word.

Aanvullende verwysings

Sluitingstandaard ("Closure standard")
Gemeenskapsbeleid en -standaarde ("Communities policy and standards")
Volhoubare ontwikkelingsbeleid ("Sustainable development policy")
Omgewingsbeleid en -standaarde ("Environmental policy and standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Omgewing

Uitnemendheid in omgewingsprestasie en produkrentmeesterskap is kernbelangrik vir ons sakesukses.

Ons voldoen aan internasionaal erkende omgewingstandaarde en -verbintenisse, insluitend die ISO14001 Omgewingsbestuur-stelsel-sertifisering.

Ons het Groepwye standaarde, strategieë, teikens en stelsels om omgewingsrisiko's te bestuur. Ons identifiseer in elke stadium van eksplorasie, mynontwikkeling, bedryf en sluiting, asook in die evaluasie van bates se koop en verkoop, geleenthede om omgewingsbestuur te verbeter. Waar moontlik, voorkom ons die versteuring van die omgewing, of ons versag en herstel dit.

Ons volg 'n strategiese benadering tot die bestuur van beter omgewingsprestasie in sleutelareas soos:

- **Bestuur en beskerming van biodiversiteit:** Ons streef daarna om die ekostelsels waarop ons staatmaak te beskerm deur die uitwerking van ons mynboubedrywighede op biodiversiteit te versag. Ons is verbind daartoe om 'n positiewe netto uitwerking op biodiversiteit te hê. Om dit reg te kry, het ons 'n biodiversiteitstrategie saam met eksterne sleutelbelanghebbendes ontwikkel.
- **Volhoubare waterbestuur:** Toegang tot bekostigbare water is kritiek vir Rio Tinto se bedrywighede. Toegang daartoe in die toekoms hang af van ons prestasie en reputasie ten opsigte van die verantwoordelike en volhoubare bestuur van water.
- **Klimaatsverandering:** Vrystelling van kweekhuisgasse (KHGe) deur menslike bedrywighede dra by tot klimaatsverandering. Om klimaatsverandering wat spruit uit menslike bedrywighede te beperk, is 'n belangrike internasionale doel. Ons volg 'n pro-aktiewe, praktiese en deursigtige benadering, insluitend die ontwikkeling van interne teikens om ons bedrywighede se KHG-vrystellings te verminder. Ons werk ook saam met kliënte om vrystellings wat met ons produkte gepaardgaan te verminder.
- **Produkrentmeesterskap:** Ons verbintenis tot produkrentmeesterskap is deel van Rio Tinto se bydrae tot volhoubare ontwikkeling. Ons kweek begrip van die volle lewensduur en veilige gebruik van ons produkte. Ons erken dat ons die verantwoordelikheid vir ons produkte deel, vanaf hulpbronontginning tot produkherwinning of -wegdoening. Hierdie verbintenis sluit in om die gebruike van ons produkte te verstaan en om gepaste gesondheid- en omgewingsdata te ontwikkel vir hul veilige gebruik in die werkplek en deur verbruikers.

Menseregte, gemeenskappe en omgewing vervolg

- **Geïntegreerde sluitingsbeplanning:** Rio Tinto beskou terreinsluiting as 'n multidissiplinêre verantwoordelikheid. Ons *Sluitingstandaard* word wêreldwyd tydens elke fase van ons sakesiklus geïmplementeer. Sluitingsbestuursplanne word ontwikkel om volhoubare maatskaplike, omgewings- en ekonomiese resultate te verseker nadat terreinbedrywighede gestaak is.

Aanvullende verwysings

Omgewingsbeleid ("Environment policy")
Volhoubare ontwikkelingsbeleid ("Sustainable development policy")
HSEQ-bestuurstelselstandaard ("HSEQ management system standard")
Alle korporatiewe omgewingstandaarde en -strategieë ("All corporate environmental standards and strategies")
Klimaatstandpuntverklaring ("Climate position statement")
Sluitingstandaard ("Closure standard")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Sake-integriteit

Botsende belange

Ons moet verseker dat ons persoonlike bedrywighede en belange nie bots met ons verantwoordelikhede jeens Rio Tinto nie. Dit is belangrik dat die geringste sweempie van botsende belange vermy word.

Botsende belange kan ontstaan indien u persoonlik belang het by 'n besluit wat geneem word hoewel daardie besluit onbevooroordeeld in Rio Tinto se belang geneem moet word. Indien u vermoed dat u u in 'n botsende belange-situasie bevind, moet u onmiddellik al die betrokke besonderhede met u bestuurder deel.

Botsende belange kan onder meer die volgende dinge insluit:

- ander werk of indiensneming;
- 'n ander sakeverhouding met, of belang in, 'n verskaffer, kliënt of mededinger;
- 'n sakeverhouding namens Rio Tinto met enige persoon wat 'n familielid of 'n persoonlike vriend is, of met enige maatskappy wat deur so 'n persoon beheer word;
- 'n pos waar u invloed of beheer uitoefen oor die prestasiemeting of vergoeding van enige persoon wat 'n familielid of romantiese verbintenis is;
- persoonlike gebruik of bekendmaking van vertroulike Rio Tinto-inligting vir winsbejag, byvoorbeeld om self Rio Tinto-eiendom, -produkte of -roumateriale te koop of om ander te adviseer om dit op grond van sulke inligting te doen; en
- aanvaarding van persoonlike voordele, synde enigiets meer as 'n beskeie geskenk of onthaal, van 'n persoon wat in enige tipe transaksie met Rio Tinto sake doen of wil doen.

Gesonde verstand en fyn oordeel moet aan die dag gelê word om enige persepsie van botsende belange te vermy.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard ("Business integrity standard")
Rio Tinto-verkrygingsbeginsels ("Rio Tinto procurement principles")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Sake-integriteit vervolg

Mededinging-/Antitrustkwessies

Rio Tinto is verbind tot die beginsel van vrye en regverdige mededinging.

Ons beleid is om sterk en doeltreffend mee te ding, maar altyd te voldoen aan die betrokke mededinging-/antitrustwette en -regulasies in al die lande waar ons werksaam is.

In ooreenstemming met die vereistes van Rio Tinto se *Antitrust-standaard*:

- beperk ons kontak met ons mededingers tot die minimum;
- weerhou ons ons daarvan om enige sensitiewe handelsinligting soos die volgende aan ons mededingers bekend te maak, uit te ruil of van hulle te versoek: prys, kontrakonderhandelinge, kapasiteit, produksiekostes, handelstrategieë of -planne, bodvoornemens, kliënte en markaandeel;
- bespreek ons nie sensitiewe handels-inligting in gesamentlike ondernemings met mededingers of potensiële mededingers, tensy dit op die spesifieke onderneming betrekking het nie;
- bespreek ons nie sensitiewe handels-inligting wanneer ons aan handel- of bedryfsverenigings deelneem nie;
- voer ons rigpunt-beoordelings tussen mededingers of potensiële mededingers slegs met voorafgoedkeuring deur 'n Groepprokureur uit; en
- ruil ons slegs inligting wat volgens wet nodig is om die transaksie te voltooi met mededingers uit wanneer ons produkte aan hulle verkoop of van hulle koop.

Indien u twyfel oor die regte handeling, praat met 'n Groepprokureur.

Aanvullende verwysings

Antitruststandaard ("Antitrust standard")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Omkopery en korrupsie

Rio Tinto verbied omkopery en korrupsie in alle vorme, hetsy direk of indirek.

Ons bied, beloof, gee, eis of aanvaar geen onbehoorlike voordeel, hetsy direk of indirek, aan of van die volgende persone nie:

- 'n openbare beampte;
- 'n politieke kandidaat, party of partybeampte;
- 'n gemeenskapsleier of ander persoon in 'n openbare vertrouensposisie; of
- enige privaatsektorwerknemer (insluitend 'n persoon wat in enige hoedanigheid vir 'n privaatsektor-onderneming werk of dit beheer)

waar die doel van sodanige handeling is om besigheid te verkry, te behou of te rig, of om enige ander onbehoorlike voordeel in die doen van sake te verkry.

Ons moet ook bewus wees daarvan dat handelsagentskapreëlings en liefdadigheids-bydraes potensieel as 'n dekmantel vir omkopery gebruik kan word. Alle agents-kapsreëlings en liefdadigheidsbydraes kan slegs in ooreenstemming met Rio Tinto se *Sake-integriteit* en *Teen-omkopery omsigtigheid-standaarde* gemaak word.

Sekere lande laat by uitsondering sogenaamde "fasiliteringsbetalings" toe wat deur die plaaslike wetgewing toegelaat word; Rio Tinto verbied egter sulke fasiliteringsbetalings.

Indien u twyfel aan die wettigheid van 'n betaling wat u versoek is om te doen, insluitend fasiliteringsbetalings, raadpleeg 'n Groepprokureur om advies.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard ("Business integrity standard")
Teenomkopery-omsigtigheidstandaarde ("Antibribery due diligence standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Geskenke en onthalery

Geskenke en onthalery wat as 'n beloning of aansporing vir voorkeurbehandeling gegee of ontvang word, word nie toegelaat nie.

Die gee en ontvang van beskeie geskenke en onthalery is in sekere omstandighede heeltemal aanvaarbaar. 'n Sake-ete kan byvoorbeeld 'n ontspanne manier bied om inligting uit te ruil. Afhangende van hul omvang, gereeldheid en die omstandighede waarin hulle plaasvind, kan hulle nietemin neerkom op omkopery, politieke betalings of onbehoorlike invloed.

Die sleuteltoets wat ons moet toepas, is hetsy die geskenke of vermaak ten doel het, of selfs redelikerwys vertolk kan word, om te dien as beloning of aanmoediging vir 'n guns of voorkeurbehandeling. Indien die antwoord 'ja' is, word dit volgens Rio Tinto-beleid verbied. Die uitruiling van geskenke en onthalery, insluitend die betaling van reisonkoste, moet in ooreenstemming met Rio Tinto se *Sake-integriteitstandaard* geskied.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard ("Business integrity standard")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Sake-integriteit vervolg

Billike sakepraktyke

Dit is ons beleid om ons sake billik en met integriteit uit te voer.

Ons moet duidelik, bondig en billik wees in ons omgang met kliënte. Waar vergelykings volgens wet toelaatbaar is, moet ons ons produkte, dienste of werknemers eerlik vergelyk met ons mededingers s'n. Ons moet ook verseker dat ons produkte aan al die betrokke wetlike gesondheid- en veiligheidstandaarde voldoen.

Wat verkryging betref, verwag Rio Tinto om in 'n billike, mededingende mark mee te ding. Ons voorsien 'n billike evaluasie- en seleksieproses aan alle verskaffers.

Ons verwag van ons verskaffers om hul eie beleid te handhaaf wat billike mededinging en integriteit in die hand werk, nakoming van relevante wette, standaarde en regulasies vereis, wat die gee en ontvang van omkoopgeld verbied, en voorsiening maak vir 'n proses om nakoming te verseker.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard
("Business integrity standard")
Rio Tinto-verkrygingsbeginsels
("Rio Tinto procurement principles")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Internasionale sake

Ons werk op 'n wêreldwye basis en is daarom onderworpe aan nasionale en plaaslike wette, regulasies en risiko's wat van een land na die volgende wissel. Ons moet veral:

- altyd verseker dat betalings wat aan agente of verspreiders gedoen word, gedoen word vir dienste gelewer, en dat dit billik is ten opsigte van die aard van daardie dienste;
- verseker dat belasting en invoerregte wat aan openbare beamptes betaal word, wettig is en nie neerkom op omkopery nie;
- nooit sakebedrywighede uitbrei na 'n vreemde land waar Rio Tinto nog nooit sake gedoen het voor ons die risiko bepaal het en dit met die bestuur en met 'n Groepprokureur bespreek het nie;
- bedag wees op handel met lande wat in konflik gewikkel is, of wat die teiken is van internasionale sanksies;
- alle uitvoerregulasies wat die verskeping van Rio Tinto se produkte en dienste na die bestemde land reël, asook toepaslike internasionale handelsooreenkomste, nakom; en
- 'n Groepprokureur raadpleeg vir spesifieke riglyne om die oorgrensbestuur van Rio Tinto se sakebedrywighede (insluitend lidmaatskap op die direksies van maatskappye wat in ander lande geleë is) te hanteer.

Aanvullende verwysings

Risikobeleid en -standaard
("Risk policy and standard")
Sake-integriteitstandaard
("Business integrity standard")
Teenomkopery-omsigtigheidstandaarde
("Antibribery due diligence standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Binnekringhandel

Ons moenie effekte (bv. aandele, opsies, ens.) verhandel of binnekring-inligting aan familie, vriende of enige ander persoon bekend maak wanneer ons oor sulke inligting beskik nie. Ons moet ook verseker dat ons die nodige sorg aan die dag lê wanneer ons sulke inligting hanteer.

Rio Tinto het reëls wat geld vir direkteure en werknemers met toegang tot "binnekring-inligting" wanneer hulle Rio Tinto-effekte verhandel. Hierdie reëls vereis dat daardie mense klaring by die maatskappysekretaris moet kry voor hulle effekte verhandel, ten einde te verseker dat hulle nie oor binnekring-inligting beskik nie. Tydens "geslote tydperke", kort voor die aankondiging van jaar- en tussentydse resultate, word klaring nie toegestaan nie. Enige verhandeling namens 'n binnekringdirekteur of -werknemer deur familielede en ander "verwante persone" word ook deur die reëls gereguleer.

Indien u toegang het tot binnekring-inligting, moet u nie effekte verhandel of daardie inligting aan ander, u familielede inkluis, bekend maak nie. U moet ook alle redelike stappe doen om te verseker dat die inligting vertroulik bly.

Binnekring-inligting is inligting wat nie algemeen beskikbaar is nie, en wat – indien dit algemeen beskikbaar sou wees – waarskynlik:

- 'n beduidende uitwerking op die prys van Rio Tinto-effekte of die effekte van die ander maatskappye sal hê; of
- persone se besluit om daardie effekte te koop of verkoop al dan nie sou beïnvloed.

Binnekring-inligting sluit byvoorbeeld inligting oor die volgende in: finansiële resultate; groot verkrygings; gesamentlike ondernemings; beduidende kapitaalprojekte; belangrike kontrakte; oornamepogings; produksiesyfers en besonderhede van verkope.

Aanvullende verwysings

Korporatiewe bestuursgedragbeleid en -standaard
("Corporate governance policy and standard")
Reëls vir die verhandeling van Rio Tinto-effekte
("Rules for dealing in Rio Tinto securities")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Groepbates- en inligtingbestuur

Interne kontroles en Groeprekords

Alle Groeprekords moet 'n ware, billike weerspieëling wees van ons sakebedrywighede se toedrag.

Ons moet verseker dat alle finansiële transaksies behoorlik aangeteken word ter nakoming van Rio Tinto se boekhoudingprosedures. Die byhou van akkurate rekords geld ook vir nie-finansiële Groeprekords, van eksplorasie tot bedryf en terreinsluiting.

Ons moenie met opset aanleiding gee tot enige verkeerde Groeprekords, of enige rekords skep of help skep wat ten doel het om enigiets onbehoorlik te verskuil nie.

Ons handhaaf 'n gesonde interne kontrolestelsel, wat risiko-ontleding en oorsig van ons finansiële, bedryfs- en nakomingskontrolemaatreëls insluit. Die leiers van Groepondernemings voltooi elke jaar 'n gedetailleerde vraelys om te bevestig dat Rio Tinto se interne kontroles doeltreffend werk. Ons volg gepaste boekhouding- en verslagdoeningsbeleid, pas dit konsekwent toe en gebruik redelike, nougesette oordeel.

Aanvullende verwysings

Inligtingsbestuurstandaard ("Information management standard")
Rio Tinto-retensieskedule ("Rio Tinto retention schedule")
Inligtingsekerheidstandaarde ("Information security standards")
Korporatiewe bestuursgedragbeleid en -standaarde ("Corporate governance policy and standards")
HSEQ-bestuurstelselstandaard ("HSEQ management system standard")
Nakomingstandaard ("Compliance standard")
Kontroleurshandleiding ("Controllers manual")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Gebruik van Groepeiendom deur werknemers

Rio Tinto-eiendom en finansiële hulpbronne is uitsluitlik bedoel vir gebruik deur die Groep.

Daarom moet ons nie:

- Rio Tinto-eiendom of finansiële hulpbronne vir persoonlike gebruik of voordeel verkry, benut of kanaliseer nie;
- Rio Tinto-eiendom sonder die nodige magtiging wysig of vernietig nie; of
- Rio Tinto-eiendom verwyder of Rio Tinto-dienste gebruik sonder die bestuur se toestemming vooraf nie.

Sommige aktiwiteite kan voordele inhou vir Rio Tinto én vir 'n individuele werknemer; die onderskeid tussen die twee kan moeilik wees om te tref. Dit is dus belangrik dat u bestuurder vooraf die gebruik van eiendom of dienste wat nie suiwer vir Rio Tinto se voordeel is nie, goedkeur.

Aanvullende verwysings

Kontroleurshandleiding ("Controllers manual")
Sien ook die *Botsende belange*-afdeling op bladsy 18 *("Conflicts of interest")*

Skakel na Vrae en Antwoorde

Gebruik van elektroniese hulpbronne deur werknemers

Elektroniese hulpbronne wat deur Rio Tinto voorsien word, moet op 'n verantwoordelike, gepaste en etiese manier gebruik word.

"Elektroniese hulpbronne" sluit byvoorbeeld e-pos, kitsboodskapdienste, telefoon, faks en stempos, internet- en netwerktoegang, databasisse, tweerigtingradio's en geslotekringtelevisie in.

Ons moet nooit betrokke wees by die onbehoorlike gebruik van Rio Tinto se elektroniese hulpbronne nie. Enkele voorbeelde van onbehoorlike gebruik sluit in:

- enige gebruik wat verband hou met materiaal wat aanstootlik, seksueel eksplisiet, lasterlik, diskriminerend, beledigend, teisterend of gewelddadig is;
- om willens en wetens te veroorsaak dat enige materiaal (insluitende sagteware) gebruik, gekopieer of versprei word in stryd met vertroulikheid- of kopiereg-verpligtinge;
- aanlyn-dobbelary;
- pleeg van of betrokkenheid by onwettige bedrywighede;
- betrokkenheid by bedrywighede met die oog op private winsbejag;
- betrokkenheid by ongemagtigde bedrywighede sonder winsbejag;
- skrapping van elektroniese rekords wat benodig word, of waarskynlik benodig sal word, as bewysstukke in 'n regsgeding of regulatoriese ondersoek; en
- opsetlike toediening van 'n rekenaarvirus.

Insidentele persoonlike gebruik van Rio Tinto se elektroniese hulpbronne word toegelaat, mits dit matig voorkom en nie met werksverpligtinge inmeng nie. Misbruik van hierdie voorreg word beskou as wangedrag.

Rio Tinto behou die reg voor om gebruik van die internet, e-pos en ander elektroniese hulpbronne te eniger tyd te monitor en te blokkeer in die mate wat plaaslike wetgewing dit toelaat. Rio Tinto moet enigiets wat as 'n sakerekord kan dien (soos elektroniese dokumente en e-pos) vir so lank as moontlik hou, selfs nadat die werknemer wat dit opgestel het die maatskappy verlaat het.

'n Individu se wagwoord moet te alle tye geheim gehou word en moet nie met ander personeellede gedeel word nie.

Aanvullende verwysings

Standaard vir aanvaarbare gebruik van elektroniese hulpbronne ("Standard for the acceptable use of electronic resources")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Groepbates- en inligtingbestuur vervolg

Vertroulike inligting

Ons moet altyd Rio Tinto se vertroulike inligting en dié wat deur ander (bv. kliënte en verskaffers) aan ons toevertrou word, beskerm.

"Vertroulike inligting" sluit byvoorbeeld die volgende in: tegniese inligting oor produkte of prosesse; verskafferlyste of aankoopprysе; koste, prysvasstelling en bemarking van diensstrategieë; nie-openbare finansiële verslae; en inligting wat betrekking het op bateverkope, samesmeltings en verkrygings.

Wat die beskerming van vertroulike inligting betref, moet ons:

- versigtig wees waar en wanneer ons vertroulike Rio Tinto-inligting bespreek;
- versigtig wees waar en hoe ons dit berg;
- niks daarvan bekend maak of vir persoonlike wins of voordeel gebruik nie; en
- vertroulikheidsooreenkomste met mense buite die Groep sluit alvorens vertroulike sake bespreek word.

Wanneer u genader word met 'n versoek om, of aanbod van, vertroulike inligting, is dit belangrik dat albei partye die voorwaardes begryp en aanvaar waaronder die inligting ontvang kan word.

Aanvullende verwysings

Inligtingsbestuurstandaard
("Information management standard")
Rio Tinto-verkrygingsbeginsels
("Rio Tinto procurement principles")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Intellektuele eiendom

Rio Tinto beskerm sy intellektuele eiendom en respekteer ander se intellektuele eiendomsreg.

Intellektuele eiendom sluit in: patente, kopiereg, handelsmerke en handelsgeheime. Die eienaars van intellektuele eiendom het regte wat kragtens die wet aan hulle toegeken is. Ons handelsmerke en ander vorme van intellektuele eiendom tel onder die Groep se waardevolste bates. Ten einde dit te beskerm, moet ons:

- vertroud raak met alle interne beleidstukke en prosedures wat verband hou met intellektuele eiendom en handelsmerkgebruik;
- bewus wees van potensiële skending van ons intellektuele eiendomsregte (bv. ongemagtigde gebruik) deur werknemers, kliënte, verskaffers en mededingers;
- nie ons kliënte, verskaffers of sakevennote toelaat om enige Rio Tinto-naam of -handelsmerk sonder behoorlike magtiging te gebruik nie; en
- verseker dat derdepartye die nodige geheimhoudingsooreenkoms onderteken om ons intellektuele eiendom te beskerm.

Ons moet ook ander partye soos ons verskaffers en kliënte se intellektuele eiendomsreg respekteer. Dit is veral belangrik om in gedagte te hou voor ons skriftelike of elektroniese materiaal kopieer of versprei.

Aanvullende verwysings

Kontroleurshandleiding ("Controllers manual")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Dataprivaatheid

Rio Tinto beskou die wetlike, korrekte hantering van persoonlike data as uiters belangrik.

"Persoonlike data" is alle inligting wat betrekking het op enige identifiseerbare individu. Ons moet die persoonlike data van ons huidige en vorige aandeelhouers, direkteure, werknemers, verskaffers, kliënte en enige verwante inligting oor familie of naasbestaandes wat vir sakedoeleindes versamel is, bewaar.

Persoonlike data word in ooreenstemming met die vereistes van toepaslike privaatheid- en databeskermingwette gekontroleer om ongemagtigde of onwettige verwerking, verlies per abuis, vernietiging of skade te voorkom.

Aanvullende verwysings

Dataprivaatheidstandaard
("Data privacy standard")
Inligtingsbestuurstandaard
("Information management standard")
Inligtingsekerheidstandaarde
("Information security standards")

Skakel na Vrae en Antwoorde

Regering-, media- en beleggersbetrekkinge

Regeringsbetrekkinge

Ons handhaaf die hoogste etiese standaarde in al ons omgang met regerings.

Regeringsbetrekkinge sluit alle kontakte in wat ons maak in die gang van sake met regerings, hul agentskappe en verteenwoordigers in nasionale en plaaslike regsgebiede dwarsdeur die wêreld. In ons wisselwerking met regerings:

- gee ons ons samewerking aan elke wettige regeringsversoek om inligting of samewerking in regulatoriese ondersoeke, terwyl ons Rio Tinto se basiese wetlike regte soos verteenwoordiging deur 'n regsadviseur handhaaf;
- moet ons gepaste stappe neem om vertroulikheid te verseker wanneer ons inligting aan enige owerheid voorlê;
- moet ons nie 'n regeringswerknemer aanstel om dienste te lewer, tensy dit geskied ingevolge 'n skriftelike kontrak met die regering wat die wettige aard van die dienste wat gelewer moet word, spesifiseer nie. In sommige lande is dit onwettig om 'n regeringswerknemer vir enige werk aan te stel; en
- beperk ons geskenke aan, of onthalery van, regeringsverteenwoordigers, sodat ons nie die wet op enige wyse oortree of die betrokke individue of Rio Tinto kompromitteer – of die skyn van kompromie wek – nie.

Praat met u bestuurder of 'n Groepprokureur indien u enige vrae het oor u wisselwerking met regeringsverteenwoordigers.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard (“Business integrity standard”)

Sien ook die afdelings oor *Geskenke en onthalery* en *Politieke betrokkenheid* op bladsye 20 en 27 onderskeidelik. *(“Gifts and entertainment* and *Political involvement”)*

Skakel na Vrae en Antwoorde

Politieke betrokkenheid

Rio Tinto neem nie direk of indirek aan partypolitiek deel nie, en doen ook nie betalings aan politieke partye of individuele politici nie.

Rio Tinto dra sy sieninge oor sake wat sy eie sakebelange en dié van aandeelhouers, werknemers en ander betrokkenes raak, aan regerings en ander partye oor. Ons dra deur die ontwikkeling van openbare dialoog by tot die ontwikkeling van gesonde wetgewing en regulering wat relevant en gepas vir ons sakebelange is.

Niks in Rio Tinto se beleid is daarop gemik om individue te beperk wat in hul persoonlike hoedanigheid as burgers aan die politieke proses wil deelneem nie.

Aanvullende verwysings

Sake-integriteitstandaard (“Business integrity standard”)

Skakel na Vrae en Antwoorde

Kommunikasie met media en beleggers

Ons kommunikeer op 'n akkurate, konsekwente wyse met die media en met beleggers.

Dit is die Rio Tinto-segspersone se verantwoordelikheid om met die media, beleggers en ontleders te kommunikeer. Enige navraag deur sulke partye moet na Mediabetrekkinge en/of Beleggersbetrekkinge verwys word, afhangend van wat gepas is.

Rio Tinto-segspersone moet hoë standaarde van integriteit en deursigtigheid openbaar, en hulle terselfdertyd weerhou van ongemagtigde en selektiewe openbaarmaking van inligting wat deur Rio Tinto besit word en nie openbaar is nie.

Ons moet nie ons persoonlike sienings voorhou as dié van Rio Tinto nie.

Aanvullende verwysings

Korporatiewe bestuursgedragbeleid en -standaarde (“Corporate governance policy and standards”)

Deurlopende openbaarmakingstandaarde (“Continuous disclosure standards”)

Skakel na Vrae en Antwoorde

Deursigtigheid

Ons is in beginsel en in die praktyk verbind tot maksimum deursigtigheid, in soverre dit strook met goeie bestuursgedrag en handelsvertroulikheid.

Rio Tinto reik inligting oor die Groep se bedryfsprestasie en finansiële toestand tydig uit. Ons gaan die akkuraatheid daarvan na en vermy selektiewe openbaarmaking. Ons verskaf die nodige inligting aan die betrokke agentskappe in die lande waar Groepondernemings sake doen, en versprei dit wyd deur die media asook direk, insluitend op ons eie webwerwe, waar Rio Tinto-aandele verhandel word.

Rio Tinto maak enige inligting wat volgens redelike verwagting 'n wesenlike invloed op sy aandeelprys kan hê onmiddellik bekend, sodat sy effekte in 'n ingeligte mark verhandel kan word. Werknemers moet enige saak wat 'n wesenlike invloed op die Groep se effekte kan hê aan hul lynbestuurder rapporteer sodra hul daarvan te wete kom.

Ons lewer jaarliks vrywillig gedetailleerde verslae oor die Groep en sy ondernemings se prestasie ten opsigte van volhoubare ontwikkeling.

Aanvullende verwysings

Korporatiewe bestuursgedragbeleid en -standaarde (“Corporate governance policy and standards”)

Deurlopende openbaarmakingstandaarde (“Continuous disclosure standards”)

Skakel na Vrae en Antwoorde

Nota oor “kwytskeldings”: Die Groep sal slegs in baie uitsonderlike omstandighede oorweeg om 'n kwytskelding van *Hoe ons werk* toe te staan. Waar 'n direkteur of senior uitvoerende beampte 'n kwytskelding soek, kan sodanige aansoek slegs deur die direksie of sy Komitee oor Maatskaplike en Omgewingsverantwoordbaarheid goedgekeur word; indien dit toegestaan word, sal dit aan aandeelhouers bekend gemaak word. Kwytskeldings vir enige ander persoon sal deur die wêreldwye hoof van Nakoming oorweeg word; indien dit toegestaan word, sal dit aan die Komitee gerapporteer word.

Bylaag

Enkele van die vrywillige internasionale verbintenisse, ooreenkomste en konvensies wat deur Rio Tinto onderskryf word

- Extractive Industries Transparency Initiative
- Wêreldwye Sullivan-beginsels van Maatskaplike Verantwoordelikheid
- Internasionale Sakekamer Handves vir Volhoubare Ontwikkeling
- Internasionale Raad op Mynwese en Metale Volhoubare Ontwikkelingsraamwerk
- Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) Verklaring oor Grondbeginsels en Regte by die Werk
- Internasionale Arbeidsorganisasie Konvensie 169: Aangaande Inheemse en Stamvolke in Onafhanklike Lande
- Kimberleyproses
- OECD-konvensie oor die Bestryding van Omkopery van Oorsese Regeringsamptenare in Internasionale Saketransaksies
- OECD-riglyne vir Multinasionale Ondernemings
- Transparency International – Sakebeginsels vir Bestryding van Omkopery
- Verenigde Nasies Global Compact
- Verenigde Nasies Universele Menseregteverklaring
- Vrywillige Beginsels vir Sekuriteit en Menseregte
- Wêreld- Ekonomiese Forum – Wêreldwye Korporatiewe Burgerskapinisiatief HBB-verklaring
- Wêreld- Ekonomiese Forum – Vennootskappe-Teen-Korrupsie-inisiatief (PACI) Beginsels vir Bestryding van Korrupsie

Hierdie lys word nie voorgehou as 'n volledige lys nie. Rio Tinto het ander verbintenisse aangegaan buiten dié wat hier gelys word, en kan van tyd tot tyd nog meer onderskryf.

Rio Tinto plc
2 Eastbourne Terrace
London W2 6LG
Verenigde Koninkryk

T +44 (0)20 7781 2000

Rio Tinto Beperk
120 Collins Street
Melbourne, Victoria 3000
Australië

T +61 (0)3 9283 3333

© Rio Tinto plc en Rio Tinto Beperk
Hersien 2009